

20 Januarie 2019

# Gr R tot Gr 3



Dis jou **gawe**,  
**deel** dit met **ander!!**

## 1 Korintiërs 12:1-11

Neem saam:

- Klere of items vir rollespel
- Kaartjies met verskillende beroepe wat kinders moet uitbeeld in stomstreke
- Sak met verskeidenheid lekkers
- Skêre en gom
- Afskrifte van geskenkboksies

voorbereiding

**OPENINGSGEBED:**  
vra vir een van die kinders  
om te open met gebed.

bid tyd

gesels tyd

Kom ons begin vandag ons les met rollespel. 'n Ander woord vir rollespel is konsert hou, of toneelspel.

*Bring 'n sak vol ou klere of lappe, brille en hoede of watter ander opmaak goed jy ook al in die hande kan kry. Gee aan*

*die kinders die geleentheid om te kies wat hulle wil aantrek en laat hulle toe om ook van die items uit te ruil en self te besluit watter toneel of rollespel hulle wil speel. 'n Maklike toneel is byvoorbeeld iets uit die kersverhaal, waar hulle met lappe of handdoeke kopdoeke kan bind en maak of hulle die skaapwagters of wyse manne is, en laat iemand met 'n wit laken die engel wees wat die boodskap oor Jesus bring. Enige toneel kan gespeel word of die kinders kan iets of iemand uitbeeld met klere en dan kan die ander raai wie of wat die persoon voorstel.*

Wanneer ons rollespel doen, dan tree jy op soos jy dink daardie karakter of persoon sou optree. Iemand wat byvoorbeeld iemand voorstel wat besig is om huis te bou of karre reg te maak, sal nie hoë hakskoene aanhê nie, want dit pas nie by die karakter nie. Elke karakter het sy eie kenmerke en sal op 'n bepaalde wyse optree.

*Speel stomstreke. Maak vooraf verskillende kaartjies vir stomstreke met dinge wat die kinders maklik sal kan uistpeel. Op die kaartjie is*

*daar verskillende goed geskryf, of 'n aksie, soos skop die bal, of 'n soort werk, soos 'n onderwyser. Jy moet aan die maats probeer verduidelik wat op jou kaartjie staan, sonder om woorde te gebruik. Jy mag die aksies namaak maar jy mag nie praat nie. Gebruik maklike begrippe. En gee leidrade waar dit te moeilik is. Die speletjie kan ook aan die einde van die les herhaal word as die kinders dit geniet het.*

gesels tyd (vervolg)

Met stomstreke wanneer jy nie woorde mag gebruik om iets te verduidelik nie, maar net handgebare of jou aksies, kan mens nogsteeds agter kom wat iemand wil sê. Ek sal dalk iets op 'n ander manier as jy voorstel, maar die maats kan nogsteeds aflei wat ons wou sê. Al gee ons vir almal presies dieselfde woord om uit te beeld, sal elkeen steeds die woord verskillend verduidelik of voorstel, want elkeen van ons, verskil. Dit maak ons uniek.

Hierdie liedere is slegs voorstelle.  
Sing gerus iets wat meer bekend is.

sing tyd

**Liedjie: Weet jy dat Jesus jou liefhet**

Weet jy dat Jesus jou liefhet  
Weet jy dat Hy baie van jou hou  
Sommer net soos wat jy is  
Want jy's kosbaar en spesiaal vir Hom

Weet jy dat Jesus jou vriend is  
Weet jy dat Hy altyd sal hoor  
As jy hom vra om jou te wys  
Hoe kosbaar en spesiaal jy vir Hom is

*Dankie Jesus, dankie Jesus, dankie Jesus  
U is ook spesiaal vir my*

**Liedboek 552: Liewe Vader, ek sê dankie**

Liewe Vader ek sê dankie vir die wêreld rondom my  
Want die hemel en die aarde het ons als van U gekry.

Liewe Vader ek sê dankie vir die lewe rondom my  
Al die blomme en die diere het hul prag van U gekry.

Liewe Vader ek sê dankie vir die mense rondom my  
Al my maatjies en familie wat in liefde by my bly.

Liewe Vader ek sê dankie dat ek soveel van U kry  
Maar die grootste is U liefde wat ook in my hart kom bly

## BYBEL tyd

In die Bybel leer ons dat God ons elkeen spesiaal en uniek gemaak het. Hy het jou gemaak met spesifieke gawes. Gawes is geskenke wat God vir jou gee. Dis nie fisiese geskenke soos wat ons kry as ons verjaar nie, maar dit is spesiale geskenke wat jy nie net vir jousef kan gebruik nie. Die soort geskenke kan slegs iets beteken as jy dit met ander mense deel. God deel die

geskenke uit vir Sy kinders en hulle moet dit so gebruik dat al die kinders van God daaruit voordeel kan trek. Kom ons lees daarvan in die Bybel, in die Nuwe Testament, dit is redelik agter in die Bybel in die Bybelboek, 1 Korintiërs hoofstuk 12.

*Lees vir die kinders voor uit 1 Kor.12:4-11*

Hierdie geskenke of gawes waarvan gepraat word in die Bybel, gaan oor aksies wat gedoen moet word. En die aksies wat jy moet doen, moet tot voordeel wees vir die een langs jou. Almal van ons se gawes is nie presies dieselfde nie, dit verskil, en daarom het ons mekaar nodig. Wanneer ons iets nie weet nie, het ons nodig om by iemand te gaan leer en luister wat die gawe het van wysheid, om te weet hoe om op te tree of wat reg en wat verkeerd is. Iemand wat die gawe het om ander te bemoedig is iemand wat graag luister na ander wat probleme het, so iemand sal die maatjie wat hartseer is kan troos en moed in praat. Jy kan tog nie vir jousef 'n drukkie gee en na jou eie probleme luister nie, jy het iemand anders nodig. So het ons almal mekaar nodig. Omdat ons elkeen uniek is, sal ons ook ons gawes op unieke en verskillende maniere gebruik. Die belangrikste is, dat ons ons gawes moet gebruik tot die voordeel van ander.

Ons moet ook altyd onthou dat een gawe nie belangriker is as 'n ander een nie. Dis een en dieselfde Heilige Gees wat ons seën met God se gawes, en elkeen is nodig.

Ons kan daarom die kerk, of die familie van Christine vergelyk met 'n legkaart. Elke legkaartstukkie verskil, hulle kan dalk baie dieselfde lyk, maar elkeen pas net op 'n spesifieke plek in. Een legkaart stuk is nie belangriker as 'n ander nie, en wanneer een stuk weg is, sien mens sommer dadelik dat die prentjie van die legkaart nie voltooi is nie.

Daarom moet ons ook nooit dink ons is belangriker as iemand ander nie. Ons het mekaar nodig. Dalk het ek en jy die gawe om iemand te bemoedig of te troos, maar wat ek gaan sê of doen, gaan dalk nie presies dieselfde wees as wat jy sou sê of doen nie. Ons sal dit dalk erken dat ons baie dieselfde is, maar tog verskil, en dit is ook reg so, want dit is hoe God ons gemaak het. Die belangrikste ding wat jy kan doen met jou gawe, is om dit te gebruik tot eer van God.

En hoe weet jy wat is jou gawe? Dit sal iets wees wat sommer maklik vir jou kom. Jy hou dalk daarvan om vir ander te leer, of dalk hou jy daarvan om na ander te luister en hulle te troos. Doen wat jy doen en wat vir jou lekker is, en wees net die beste jy wat God jou gemaak het om te wees, en jy sal 'n seën vir ander wees.

## doen & leer tyd

God gee vir ons gawes. Hy gee dit nie omdat ons dit verdien nie, maar Hy gee dit omdat ons dit moet gebruik tot Sy eer en om goed te doen vir ander mense.

Gawes is soos geskenke. Wanneer jy 'n geskenk ontvang, kan jy kies om dit oop te maak en te gebruik en die doel van die geskenk te geniet, of jy kan kies om die geskenk toegedraai te los of net op die rak neer te sit en nooit te gebruik nie. As jy kies om dit net op die rak te los, sal nie jy of enige iemand om jou ooit die nut daarvan kan geniet nie.


Vandag gaan ons geskenkboksies maak. Jy kan self besluit wat jy in jou geskenkboksie wil sit en vir wie jy dit wil uitdeel. Dalk kan jy sommer 'n lekkertjie daarin sit en vir iemand spesiaal gee, of dalk 'n pakkie tissues en vir 'n ou tannie gee. Wanneer die persoon vra hoekom jy die geskenk gee, kan jy sê jy gee dit uit liefde, en hulle kan dit gebruik en deel met wie hulle wil.

*Deel aan elke kind die templaats vir 'n geskenkboksie uit. Laat hulle dit uiknip en vou. Indien verkies, kan jy ook 'n pak lekkers saamneem waarvan die kinders in die geskenk boksies kan sit om uit te deel. Indien die kinders baie klein is, kan die templaats vooraf uitgesny word.*

## groet tyd

Dankie Jesus dat U my ook vir my gawes gegee het. Dalk weet ek nog nie presies wat my gawes is nie, maar help my om dit te ontdek en te gebruik tot U eer.

Amen



**Knip die templaar van die geskenkboksie uit. Knip op al die soliede lyne en vou die boksie op al die stippel lyne. Die klein gedeeltes wat ingevou word, kan ook vasgeplak word om die boksie stewig te maak. Versier die boksie. Sit 'n geskenkie daarin. Deel die boksie uit aan iemand wat jy graag wil bederf.**

